# A F D E L I N G  A.

## HISTORIESE

## EN

## ALGEMEEN-OPVOEDKUNDIGE

## AGTERGROND.

---

(Hoofstuk 1: Beknopte Oorsig van die Ontwikkeling van Middelbare Onderwys in Suid-Afrika.

..........

Hoofstuk 11: Die Ontwikkeling van die Leerplan vir die Middelbare Skool. (Algemeen).

..........

Hoofstuk 111: Die Ontwikkeling van Duits-onderwys op die Middelbare Skool.

..........

Hoofstuk 1V: Samevatting en Toeligting van Bevindinge in verband met onlangse navorsing na die Doelstelling vir Duits-onderwys.

---

# H O O F S T U K 1.

## BEKNOPTE OORSIG VAN DIE ONTWIKKELING VAN MIDDELBARE ONDERWYS IN SUID-AFRIKA.

### 1. Omskrywing en Beperking van die veld in terme van die Taaksbepaling.

(a) Vir hierdie historiese inleiding sal dit allereers nodig wees om die plek van die middelbare onderwys in ons skoolwese presies te omskrywe, ten einde die juiste historiese verbande te vind waar aanduidings van die verskillende aspekte van ons onderwysstelsel ook al in 'n vae of verwarrende sin gebruik mag gewees het in die verlede. Hoewel die opvoedingsproses as sodanig onverdeelbaar is, sal ons vir praktiese doeleindes tog duidelik moet onderskei tussen die verskillende fases daarvan ooreenkomstig

(i) die verskillende stadia van geestelike groei van die leerling of student, en

(ii) die opvoedkundige funksies van die inrigtings waaraan laasgenoemde op daardie stadia verbonde is[1],

in welke verband daar na die middelbare onderwys verwys sal word as een van die drie groot strominge in die onderwysstelsel. Die eerste of primêre stroom wat deur die hele volk loop en ook volks-onderwys genoëm word, beoog geen verdere doel nie as om die nog onrype kind in die pre-adolessente jare bekend te stel met die noodsaaklike leergereedskap deur middel van 'n algemene (en nie-beroepskundige) onderwys ten opsigte van daardie essensiële kennisgebiede en vaardighede, wat as die minimum vereiste gestel word vir die behoorlike vorming en geestelike selfstandigwording in hierdie periode. Dit word in Suid-Afrika afwisselend aangedui as primêre, laer of volks-onderwys, en sluit hier op die tradisionele St. Vl-trap af (dit is, ongeveer op 13

---

1. Vergelyk
   a. Morrison: "The Practice of Teaching in the Secondary School" bl. 7.
   b. Raymont: "The Principles of Education" 35.

jaar).

Die derde en hoogste stroom wat algemeen aangedui word as "Hoër onderwys", neem die jong man of jonge dame na die hoëre, naskoolse opleidingsinrigtings vir 'n beroepskundige, suiwer akademiese of tegniese opleiding wat 'n besondere intellektuele prestasie vereis en gevolglik 'n deeglike intellektuele rypwording vir selfstandige studie op die na-primêre trap voor-veronderstel.
Tussen die primêre en die hoër onderwys kry ons dan die middelbare onderwys in die eerste adolessente jare wanneer die leerling van normale intelligensie, op grond van sy laerskool-onderwys, reeds oor die nodige leergereedskap beskik wat hom vatbaar sal maak vir onderwys van 'n meer gevorderde aard wat nuwe moontlikhede van ontwikkeling en algemeen-intellektuele en geestelike vorming ontsluit. In ons Suid-Afrikaanse skoolstelsel neem hierdie onderwys die leerling tot op die St. X-trap om te dien as 'n skakel tussen die hoër en die primêre onderwys, met die implikasie dat die voltooiing van die middelbare skoolkursus sonder enige verdere voortgesette studies ook as 'n belangrike lewenskwalifikasie beskou moet word om intelligente burgerskap te verseker.

Ons moet ons hier slegs tot dié verskynsels in verband met die ontwikkeling van ons middelbare onderwys beperk, wat in die gees van hierdie omskrywing benader kan word.

(b) In die "Inleiding en Probleem-omskrywing" word duidelik impliseer dat ons vir die doel van hierdie ondersoek ook nie in die ontwikkeling van die middelbare onderwys as sodanig belangstel nie, dog slegs in sover dit die historiese agtergrond bloot lê waarteen die probleem van Duits-onderwys in ons land beter begryp en appresieer kan word. Dit sal dan nodig wees om die veld wat hier gedek moet word, tot 'n heel vlugtige oorsig van sommige van die hoofmomente in die ontwikkeling en uitbreiding van middelbare onderwys in Suid-Afrika te beperk, terwyl 'n be-

spreking van die besonderhede buite die bestek van hierdie verhandeling val. Die skrywer onderneem dus nie om enige besondere vraagstukke van die middelbare onderwys soos Inspeksie, Skool-administrasie, Finansies, Opleiding van Onderwysers en Taalvraagstukke hier te bespreek nie, dog bepaal hom slegs by die algemene veld, terwyl die belangrike faktor van leerplanontwikkeling hier ook vir die volgende hoofstuk moet ontstaan.

2. 'n Onsekere begin: Aanhangsel van die Laer Onderwys tydens en onmiddellik na die Hollandse bewind, en van die Hoër Onderwys in die 19de eeu.

(a) Aangesien die blanke bevolking van Suid-Afrika van dié lande van Europa afkomstig is waar die algemeen-kulturele peil die hoogste was[1], sou 'n mens kon verwag dat ons voorouers van die vroegste tye af 'n besondere geloof in die waarde van die onderwys gehad het. Die onderwystoestande aan die Kaap was egter alles behalwe rooskleurig in die pionierstydperk, en ondanks vroeë pogings onder die Hollandse bewind, sou die groot beweging vir middelbare onderwys eers in die 19de eeu kom namate die lewe aan die Kaap 'n meer gevestigde vorm begin aanneem en die behoefte aan middelbare onderwys sterker op die voorgrond gestel is. In hierdie vroeë periode in ons onderwysgeskiedenis moet ons twee duidelike rigtings sien in -

(i) die periode tydens en onmiddellik na die Hollandse bewind, en

(ii) die periode van die sogenaamde kollegeskole in die 19de eeu.

(b) Die volgende skole dateer uit die Hollandse tydperk en word veral gekenmerk deur die integrasie van die elementêre en meer gevorderde onderwys waardeur die middelbare onderwys nog tot geen selfstandige fase van ons onderwysstelsel ontwikkel is nie, en slegs as 'n aanhangsel van die laer onderwys beskou moet

1. Sien: "Bulletin van Onderwys-statistiek vir die Unie van Suid-Afrika, 1947", bl. 11.

word:

(i) Van 1714 tot 1728 het Kaapstad die voortou geneem met 'n skool wat onderwys van 'n meer gevorderde gehalte verskaf het, insluitende Latyn as vak - die sogenaamde Latynse Skool[1] met Ds. Lambertus Slicher as Rektor. Toe hierdie skool 'n paar jaar na die verhuising van Ds. Slicher as predikant na Drakenstein opgebreek is, kon daar vir die volgende periode van 65 jaar geen verdere voorsiening gemaak word in die behoefte aan middelbare onderwys aan die Kaap nie.

In 1793 is daar weer 'n begin gemaak met die Latynse skool wat in die volgende jare van politieke beroering voortgesukkel en uiteindelik opgehou het om te bestaan met die stigting van die "Zuid-Afrikaansche Athenaeum" (beter bekend as die Suid-Afrikaanse Kollege), toe die hoof van dié skool een van die eerste drie professore van die kollege geword het.

(ii) 'n Ander skool wat onderwys van 'n meer gevorderde gehalte verskaf het in die neëntigerjare en as aanvulling tot die Latynse skool gedien het, was Jacob Ziegler se private Franse Skool ("...voor Jonge Lieden van Fatsoen") wat buite die jurisdiksie van die Skolarge geval maar die goedkeuring van die Politieke Raad geniet het[2].

(iii) Die "Tot Nut" - skool[3] (1804 - 1870) was een van die mees beroemde skole uit hierdie vroeë tydperk. Die skool het sy ontstaan te danke aan die stigting van die "Maatschappy tot Nut van 't Algemeen" in Holland teen die einde van die 18de eeu - 'n private vereniging wat besonder belanggestel het in onderwysaangeleenthede. In 1802 is daar aan die Kaap 'n tak van dié

---

1. a. Du Toit: "Onderwys in Kaapland" 24-25, 39-40, 56, 68-69.
   b. Malherbe: "Education in South Africa" 36 (voetnoot).

2. Du Toit: Op. Cit., 41-42.

3. Vergelyk ook:
   a. Du Toit: Op. Cit., 57-58, 74-75.
   b. Malherbe: "Education in South Africa" 53 (voetnoot).

vereniging gestig wat in 1804 sy eie (private) skool opgerig het. Hierdie skool wat deur Du Toit as 'n ligtoring van onderwys in die samelewing aan ons suidhoek bestempel word[1], het baie goed in die smaak van die Afrikaanssprekende bevolking geval vanweë die hoë standaard van die onderwys en die besondere plek wat daar aan godsdiensonderwys toegeken is, sodat dit, na 'n aanvanklike onsekere begin, 'n baie groot bloeiperiode beleef en in 1834 reeds 360 leerlinge op die rol gehad het. Dit was geen middelbare skool soos ons onder dié benaming moet verstaan nie, maar het ook meer gevorderde werk met elementêre onderwys verenig - onder meer die onderwys van Frans en Sterrekunde - en was die vernaamste onderwys-inrigting in die land voor die stigting van die Suid-Afrikaanse Kollege in 1829, ná welke jaar dit nog 'n belangrike rol gespeel het om leerlinge vir dié kollege voor te berei. Baie van ons welbekende Afrikaners onder wie die groot staatsman J.H. Hofmeyer (Onze Jan), het hul skoolopleiding hier geniet; en dis interessant om daarop te let dat hierdie skool, hoewel dit 'n suiwer Hollandse atmosfeer geadem het, vir 'n baie lang tyd sy invloed kon bly handhaaf ten spyte van die verengelsing van die Kaap gedurende die 19de eeu. In die laaste helfte van die eeu het die mededinging van die Engelse staatskole egter 'n faktor geword wat homself in so 'n mate laat geld het, dat hierdie roemryke skool in 1870 gesluit moes word.

(c) Die "Tot Nut"-skool het ons vir die grootste gedeelte deur die 19de eeu geneem. Met die groeiende besef van die groot leemte in die stelsel van voorsiening vir meer gevorderde onderwys, is daar in hierdie eeu egter daadwerklik oorgegaan tot die stigting van verskeie inrigtings vir hoër onderwys in verskillende dele van ons land. Dit geld veral die kollegeskole wat sowel vir die hoër as die middelbare onderwys gesorg het. Daar

1. Du Toit: "Onderwys in Kaapland" 75.

het in hierdie periode 'n eksentverskuiwing in die algemene opvattings aangaande die middelbare onderwys plaasgevind:met die dubbele prestige wat die kollegeskole geniet het om kollegewerk met middelbare onderwys te verenig, is die middelbare onderwys mettertyd van die primêre werk losgemaak en as 'n aanhangsel van die hoër onderwys beskou.

Die volgende samevatting van die feite gee ons 'n vergelykende beeld van die uitbreiding van middelbare en hoër onderwys in hierdie tydvak:

(i) Kaapse skole[1]: Die eerste inrigting vir hoër onderwys in die land was die Suid-Afrikaanse Kollege (in 1829) waaruit die Universiteit van Kaapstad in 1918 ontwikkel het. Dis bekend dat die Hollandse kerk 'n belangrike rol gespeel het in verband met die stigting van dié inrigting. Die kollege wat oorspronklik met drie professore en 115 leerlinge begin is, het groot gewildheid onder albei seksies van die blanke bevolking geniet, maar teen die helfte van die eeu 'n sterker Engelse karakter begin aanneem en Hollands as voertaal uitgeskakel. Volgens Du Toit ".....was dit vir baie jare nie veel meer as 'n verheerlikte middelbare skool nie", maar dit het tog ".....as sodanig in 'n gevoelde behoefte voorsien, nl. om middelbare onderwys te verskaf"[2].

Sir George Grey wat van 1854 tot 1861 goewerneur aan die Kaap was, het 'n belangrike rol gespeel in verband met die vermeerdering van die inrigtings vir meer gevorderde onderwys in die vyftigerjare en daarna. Met die stigting van die volgende skole is die ligbakens vir hoër onderwys in die Kaapse binneland versprei:

---

1. a. Du Toit: "Onderwys in Kaapland", 76-77, 90-91.
   b. Malherbe: "Education in South Africa", 64, 105, 106.

2. Du Toit: Op.Cit., 77.

Die Dioceson-kollege, Rondebosch, 1849;
St. Andrews-kollege, Grahamstad,..1856;
Grey-kollege in Port Elizabeth....1856;
Teologiese Seminarium, Stellenbosch, 1859;
Die Kollege te Graaff-Reinet......1860;
Die Gimnasium op Stellenbosch.....1866;
Die Gill-Kollege op Somerset-Oos, 1869.

Die hoër inrigtings vir dogters[1] het eers op 'n later stadium begin. Twee van die vroegstes wat oorspronklik deur die Ned. Ger. Kerk begin is, is die "Good Hope Seminary" in Kaapstad (1872), en die Hugenote-Seminarie op Wellington (1874) wat sedert 1898 as die Hugenote-Kollege bekend staan - die eerste dameskollege in die land. Laasgenoemde skool het in wye kringe beroemdheid verwerf en die model geword vir die volgende skole in die volgende paar jaar:

Bloemhof-Seminarie op Stellenbosch;
Die "Midland Seminary" te Graaff-Reinet;
Die Seminarie op Worcester;
Die "Rocklands Seminary" op Cradock;
Die Bellevue-seminarie op Somerset-Oos; asook
Die Eunice-skool in Bloemfontein (O.V.S.).

Hoewel verskeie ander ondersteunde skole waarvan sommige tot selfstandige middelbare skole ontwikkel het, ook gevorderde onderwys verskaf het voor die einde van die eeu, is dit bekend dat die kolleges die grootste aandeel aan die voorbereiding vir die matrikulasie-eksamen gehad het[2]. Sekere plekke soos Franshoek, die Paarl, Stellenbosch en Grahamstad het tot beroemde opvoedingsentra ontwikkel, en baie van hierdie Kaapse skole het ver buite die grense van die ou Kolonie bekend geword en leerlinge uit alle oorde getrek, veral uit die noordelike republieke met hul beperkter onderwysfasiliteite.

(ii) In die minder gevestigde en dunner bevolkte noordelike republieke vind ons twee belangrike sentra vir middelbare en hoër onderwys in die 19de eeu, naamlik Bloemfontein in die O.V.S, en Pretoria in die S.A. Republiek.

1. Vergelyk onder meer:
   a. Du Toit: "Onderwys in Kaapland", 104-105, 117.
   b. Malherbe: "Education in South Africa", 106-107.

2. Du Toit: Op.Cit. 117.

Die feit dat Bloemfontein reeds betreklik vroeg in die 19de eeu tot die middelpunt van hoër onderwys ontwikkel het[1], moet veral aan die invloed van Sir George Grey toegeskryf word wat die moontlikhede van 'n inrigting vir hoër onderwys op hierdie voorposte van die beskawing ingesien en in 1855 'n skenking van £2000 ter beskikking van die N.G. Kerk gestel het om so 'n inrigting in Bloemfontein op te rig, asook 'n verdere donasie van £3000 waarvan die jaarlikse rente vir die salaris van die onderwyser(s) gebruik moes word. Die Volksraad het 'n gelyke bedrag vir salarisse gestem op voorwaarde dat Hollands die vernaamste taal sou wees, en die gevolg was die stigting van die Grey-Kollege vir Seuns in 1859, met Dr. Andrew Murray as die eerste waarnemende hoof. Daar is ook voorsiening gemaak vir beter onderwysfasiliteite vir dogters deur die stigting van die reeds genoemde Eunice-skool. Elkeen van hierdie inrigtings het onder die toesig van sy eie Kuratorium van sewe lede gestaan, bestaande uit 4 verteenwoordigers van die N.G. Kerk en 3 van die Volksraad. Van belang is die feit dat hierdie skole, net soos die Kaapse kolleges, vir sowel middelbare as hoër onderwys sou sorg. Daarby is die onderwysers in die buiteplekke ook soms toegelaat om werk van 'n meer gevorderde aard ná skoolure met hul begaafde leerlinge te doen[2].

In Transvaal[3], die mees noordelike republiek met sy vele maatskaplike en staatkundige probleme, het daar vir 'n baie lang tyd nie veel van die middelbare en hoër onderwys tereggekom nie. Aan onderwyswette het dit hier wel nie ontbreek nie: die Burgers-onderwyswet van 1874, die onderwyswetgewing van S.J. du Toit in 1882, en die Mansveltwet van 1892 het almal breedvoerig op die kwessie van middelbare en hoër onderwys ingegaan, en die

1. Malherbe: "Education in South Africa", 345-6, 369.

2. Ibid. 369.

3. a. Ibid., 280-282.
   b. Lugtenburg: "Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek", 160-170.

aanvraag in menige opsig ver vooruitgeloop. In 1883 is die "Opleidingschool" in Pretoria gestig, wat volgens Malherbe nooit meer as primêre werk gedoen het nie[1]. Dit was naamlik sedert die onderwyswetgewing van 1882, soos her-bevestig deur die Regulasies van 1903, die gebruik in Transvaal om die werk van St.1V af as middelbare werk te beskou[2].

In die neëntigerjare is daar in Transvaal, egter, groter bedrywighede waar te neem in verband met middelbare en hoër onderwys[3]. In 1889 is die Opleidingschool hernoem tot "Gymnasium", en in 1892 tot "Staatsgymnasium" wat 'n uitbreiding van die inrigting van 1889 was. Hoewel die Staatsgymnasium met slegs 19 studente begin is, het die getal in 1899 tot 116 aangegroei[4]. Ten spyte van vele terugslae het hierdie inrigting die middelpunt van hoër onderwys in Transvaal gebly, en is in 'n Londonse blad as ongeëwenaard in Suid-Afrika beskryf wat die standaard en die metodes van die onderwys betref[5]. Die skool het voorsiening gemaak vir 'n klassieke, wetenskaplike, landboukundige, en 'n opvoedkundige derpartement (of normaalklas), en het, net soos die Kaapse kollegeskole, ook op 'n kombinasie van middelbare en hoër onderwys afgestuur, hoewel daar nog nie veel van universitêre werk tereggekom het nie. Ander inrigtings van belang is hier die Staatsmeisjeschool van 1894 wat sedert 1897 in 'n hoër Meisieskool sou ontwikkel, die Mynskool in Johannesburg (1897), en die "Jeppe's Grammar School" (1897), 'n stigting van die Witwatersrandse "Council of Education" wat kandidate vir die Kaapse

1. Malherbe: "Education in South Africa", 281.

2. Vergelyk:
   a. Ibid., 282.
   b. Coetzee: "Onderwys in Transvaal", 112.

3. Sien verder:
   a. Ibid., 50, 58, 67.
   b. Malherbe: Op. Cit. 281
   c. Lugtenburg: "Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek", bl. 217-226, 232-234, 247-8.

4. Z.A.R. - Verslag van Onderwysdepartement, 1898 (Maart 1899), bl. 169.

5. Sien Malherbe: Op. Cit. 282 (voetnoot).

eksamens voorberei het.

(iii) Die Natalse middelbare onderwysstelsel[1] word veral gekenmerk deur die opkoms van die private skole, omdat die staatskole geeneen van die Engelssprekende, Hollandssprekende, en Duitssprekende seksies van die bevolking volkome bevredig het nie. In 1860 het die Duitssprekende gemeenskap van Hermannsburg reeds sy eie hoërskool gehad wat ook groot getalle Engelssprekende leerlinge getrek het. Die eerste Staatshoërskool van Natal is in 1863 in Pietermaritzburg gestig, en drie jaar later het daar nog een in Durban bygekom. Sedert 1888 staan die Pietermaritzburgse hoërskool bekend as die Pietermaritzburgse Kollege, 'n inrigting waaruit die latere Natalse Universiteitskollege ontwikkel het. Ten spyte van die feit dat die Natalse skoolstelsel op die Engelse lees geskoei was, was hierdie staatskole nog nie "Engels" genoeg vir die algemene publiek nie, en baie ouers het derhalwe verkies om liewer hul kinders na private inrigtings te stuur wat meer in die gees van die Engelse "Public Schools" sou staan[2]. Twee van hierdie private Engelse skole wat groot bekendheid verwerf het, is die Hilton-Kollege te Ladysmith (1872) en die "Girls Collegiate" op Pietermaritzburg (1878). Daarenteen was die Hollandse deel van die bevolking weer ontevrede oor die uitsluitlik-Engelse atmosfeer en die verwaarlosing van Hollands as skoolvak in die hoërskole, wat onder meer aanleiding gegee het tot die stigting van die Hugenote-Hoërskool te Greytown deur die Natalse Ned. Ger. Kerk in 1892. Kragtens wet No. 16 van 1877 sou daar ook regeringstoelaes aan private hoërskole toegeken word, op voorwaarde dat die gehalte van die werk dieselfde sou wees as dié van die twee Staatshoërskole, en dat hul hul aan die inspeksiestelsel van die regering sou onderwerp.

1. Steenkamp: "Onderwys vir Blankes in Natal", 101-102,140, 152, 167, 191, 197-9.

2. a. Malherbe: "Education in South Africa", 95, 162.
   b. Du Toit: "Onderwys in Kaapland", 104 - 5.

(iv) Die Suide as bakermat: As gevolg van die feit dat die vooruitgang van middelbare onderwys in die noordelike gebiede betreklik gering was in verhouding tot dié aan die Kaap, waar die staatsondersteuning waarvoor die wetgewing van 1865 en veral die Hoër Onderwyswet van 1874 voorsiening gemaak het, die groot bloeitydperk van sommige van dié skole verder aangehelp het[1], kan daar gesê word dat die Kaapse skole gedurende die 19de eeu die toonaangewende faktor in verband met die ontwikkeling van middelbare onderwys in ons land gebly het. Hier in die ou kolonie sou immers ook die eerste groot beweging vir die standaardisering van die hoër onderwys by wyse van die instelling van eenvormige eksamenstandaarde begin, 'n beweging wat 'n baie belangrike rol gespeel het in verband met die ontwikkeling van hoër en middelbare onderwys in Suid-Afrika.

### 3. Standaardisering van die Onderwys in die 19de eeu.

(a) Die eksamentradisie aan die Kaap het reeds 'n baie lang geskiedenis en moet volgens Malherbe gesien word as die uitvloeisel van 'n vroeë begeerte om in hierdie jong pioniersland, wat ver afgesonder was van die kultuurinvloede van Europa, die standaard van die onderwys so hoog moontlik te probeer hou[2]. Regstreekse aanleiding tot pogings om die middelbare onderwys te standaardiseer deur die instelling van openbare eksamens onder die kontrole van 'n liggaam wat 'n eenvormige standaard moes verseker, was miskien ook die doeltreffendheid van die onderwys in die Kaapse skole en die groter belangstelling wat daar gaandeweg in die hoër onderwys gestel is. Die eerste poging wat in hierdie verband vermelding verdien, is die ou "Cape Public Service Board[3] (in 1850) bestaande uit drie eksaminatore wat die eksamens

---

1. a. Malherbe: "Education in South Africa", 95, 162.
   b. Du Toit: "Onderwys in Kaapland", 104-5.

2. Malherbe: "Examinations in South Africa"... in "The Year Book of Education 1938" bl. 199.

3. Du Toit: Op. Cit. 91.

vir die siviele diens moes afneem. Hierdie eksamens is in die begin net in Kaapstad afgeneem, maar later ook in ander sentra soos Grahamstad en Port Elizabeth, en was slegs die begin van 'n veel groter kontrole oor die onderwys wat spoedig sou volg.

(b) In 1858 is die "Board of Public Examiners" in die lewe geroep om die ou Raad te vervang, 'n gebeurtenis wat as 'n baie belangrike mylpaal in ons geskiedenis beskou moet word in verband met die standaardisering van hoër en middelbare onderwys in ons land. Aan hierdie liggaam, bestaande uit sewe bevoegde persone deur die goewerneur benoem, is daar die volgende magte toegeken[1]: behalwe die oorname van die vroeëre eksamens vir die siviele diens, is die Raad ook gemagtig om eksamens af te neem in die lettere, wetenskap, ingenieurswese, landmeterskuns, regte en filosofie, en om eerste- en tweedeklas-sertifikate uit te reik wat onderskeidelik met die Londense M.A. en B.A. sou korrespondeer. Vir die Siviele Diens is 'n "Public Service Certificate" ingestel wat sedert 1863 bekend sou wees as 'n derdeklas-sertifikaat wat min of meer met die Londense Matrikulasie gelykgestaan en toelating tot die hoëre eksamens verleen het. Die Raad het egter geen magtiging gehad om grade uit te reik nie, maar sodra vyftig persone die tweedeklas-sertifikaat ontvang het, sou sy magte nog verder uitgebrei word. Hierdie ideaal is 15 jaar later verwesenlik.

(c) Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop (1873) en die Noordelike gebiede: In 1873 toe die "Board of Examiners" hul eerste 50 tweedeklas-sertifikate uitgereik het, is die Raad deur die "University Incorporation Act" opgehef, en het dit in die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop opgegaan wat voortaan hierdie eksamens sou afneem en die magtiging gehad het om ook grade toe te ken gelykstaande aan dié van die Universiteit van Londen. Hierdie universiteit het, egter, slegs 'n suiwer

1. a. Du Toit: "Onderwys in Kaapland", 91
b. Malherbe: "Education in South Africa", 106.

eksaminerende en geen doserende funksie gehad nie, en ewe-as sy proto-tipe in Engeland, sou dit voortaan die hele onderwysstelsel aan die Kaap domineer deur die voorskryf van die kursusse vir sy doserende kolleges (S.A. Kollege, Dioceson, en ander) en die afneem van die Skoolhoër- en Matrikulasie-eksamens van die kolleges en die gewone middelbare skole[1]. Deur die aanname van die "University Extension Act" in 1875 is die deur ook oopgemaak vir die afneem van eksamens buite die grense van die ou kolonie[2]. Die O.V.S., Transvaal en Natal het egter nog vir 'n lang tyd met hul eie beleid voortgegaan[3].

(i) In die Vrystaat is alle openbare eksamens jaarliks in Bloemfontein afgeneem deur 'n eksamenkommissie bestaande uit die Superintendent, die Rektor van die Grey-kollege, en ander offisiële lede wat deur die regering benoem is vir die eksamens wat onder hul departemente geval het.

(ii) Die Transvaalse skoolstelsel was van die begin af veel meer op die Hollandse lees geskoei, en het gevolglik vreemd gestaan teenoor die Kaapse matrikulasie waar dit destyds alles Engels was, met Hollands slegs as 'n keusevak in die leerplan[4]. Die voertaal in Transvaal was Hollands; en aangesien die Nederlandse Regering in 1896 die Gimnasium-Einddiploma sonder meer erken het vir toelating na die Universiteite in Holland, is daar jaarliks beurse beskikbaar gestel vir verdere studie in die buiteland waarvan sommige leerlinge gebruik gemaak het[5]. Die

---

1. a. Du Toit: "Onderwys in Kaapland", 104.
   b. Smuts: "The Education of Adolescents in South Africa", 28.
2. Sien: "The Cape of Good Hope University Calender, (Introduction)" - enige uitgawe, bv. dié van 1910, bls. 10.
3. a. O.V.S: Malherbe - "Education in South Africa", 373.
   b. Transvaal: i. Ibid. 272.
   ii. Coetzee: "Onderwys in Transvaal", 58, 62.
   iii. Lugtenburg: "Geskiedenis van die Onderwys in die S.A.Republiek", 171-2, 221-3, 242
   c. Natal: Steenkamp - "Onderwys vir Blankes in Natal", 139-140, 106.
4. Sien "The Cape of Good Hope University Calender" 1895-1896" bl. Lii.
5. Z.A.R. - Verslag van Onderwysdepartement, 1898, bl. 169.

"Openbare Wedstryd van Scholen" waarvoor die Du Toit-onderwyswet van 1882 voorsiening gemaak het, is vir die eerste keer in 1888 afgeneem deur 'n aksamenkommissie bestaande uit die Direkteur, die Hoofregter, en drie ander lede deur die regering benoem; en in 1898 is die eerste eindeksamen van die Gimnasium onder toesig van 'n kommissie bestaande uit die Direkteur (Dr. Mansvelt), die Staatsprokureur (J.C. Smuts) en die Myninspekteur (M. Francke) afgeneem.[1] Hoewel die Engelssprekendes aan die Rand ontevrede was met die Hollandse atmosfeer van die Gimnasium en onder beskerming van die Witwatersrandse "Council of Education" hul eie skole gestig het wat jaarliks meer leerlinge vir die Kaapse eksamens ingeskryf het, het die Gimnasium rustig op sy eie weg voortgegaan tot die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899.

(iii) Ook die Natalse hoërskole het die Kaapse eksamens verbygegaan en reeds sedert 1871 vir die eksamens van die Universiteit van Cambridge ingeskryf.

As ons die volgende feite in gedagte hou, kry ons min of meer 'n vergelykende beeld van die invloede wat waarskynlik op die verskillende stelsels sou deurgewerk het:

(i) Die Vrystaat het vir 'n tydperk van 25 jaar (van 1874 tot 1899) onder die leiding van 'n baie bekwame Skot in die persoon van Ds. John Brebner gestaan.

(ii) Transvaal het na 'n navolging van die Hollandse stelsel gestrewe.

(iii) Die Kaapse eksamens het onder die invloed van die Universiteit van Londen gestaan, terwyl Natal sy konneksies met Cambridge opgebou het.

Die Kaapse matriek het teen die einde van die eeu, egter, reeds 'n groot bekoring gehad en mettertyd sy invloed uitgebrei, sodat

1. a. Z.A.R. - Verslag van Onderwysdepartement, 1898, bl.168
b. Vergelyk ook: Lugtenburg - "Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek", 222.

die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop na die Tweede Vryheidsoorlog die enigste eksaminerende liggaam was wat 'n eenvormige standaard sowel binne as buite die grense van die ou kolonie verseker het. Hierdie toestand het voortgeduur totdat die eksamenbeheer in 1918 in die hande van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad oorgegaan het, wat deur die belangrike wetgewing van 1916 spesiaal vir hierdie doel saamgestel is[1].

4. Skeiding van Middelbare en Hoër onderwys.

Gelet op die hegte geslotenheid van middelbare en hoër onderwys in ons land in die vorige eeu, is dit geensins bevreemdend dat die eksamens vir sowel middelbare as hoër onderwys tot 1917 nog deur een en dieselfde eksaminerende liggaam afgeneem is nie. Die inrigtings vir hoër onderwys was vir 'n baie lang tyd ook inrigtings vir middelbare onderwys, en by die kombinasie van universitêre en skoolwerk in die kolleges sou dieselfde professore en hul assistente vir sowel die hoër as die middelbare onderwys verantwoordelik wees ..... 'n faktor wat seker sy stempel sou afgedruk het om die akademiese kleur van ons middelbare onderwys te verseël, ook in die gewone middelbare skole en die seminaries wat met die vereistes van die matrikulasie-eksamen rekening moes hou. Hoewel dit ons enigsins aan die ouere Europese Universiteite laat dink, is daar tog dié belangrike verskil dat die aksent in ons kollegeskole veelmeer op die skoolwerk as op die universitêre werk geval het, sodat sommige van hierdie inrigtings mettertyd tot gewone middelbare skole teruggeval het met die uitsluitlike doel om kandidate vir die Skoolhoër- en Matrikulasie-eksamens voor te berei[2]. Met die stigting van die reeds genoemde inrigtings wat geen kollegewerk onderneem het nie en hul uitsluitlik op middelbare werk toegelê het[3], is die rig-

1. Vergelyk: a. Malherbe: "Education in South Africa", 211, 414.
b. Coetzee: "Onderwys in Transvaal", 78.
2. Vergelyk: a. Du Toit: "Onderwys in Kaapland", 105.
b. Malherbe: "Op. Cit., 105, 162.

3. Vergelyk 2(c) en 3(c) hierbo.

ting waarin die toekomstige ontwikkeling sou beweeg, reeds aangekondig, hoewel daar nog geen aparte eksamens wat van dié kolleges geskei was, vir hierdie inrigtings erken is nie.

Teen die einde van die vorige eeu het die geleidelike losmaking van middelbare en hoër onderwys in die kolleges reeds begin deur 'n waarneembare ontwikkeling in twee rigtings, welke proses in die begin van die huidige eeu finaal voltooi is[1]. Interessant is in hierdie verband die geskiedenis van die Gimnasium op Stellenbosch, wat sedert sy stigting in 1866 twee keer verdoop is: tot Stellenbosch-Kollege in 1870, en Viktoria-Kollege in 1887. Die Viktoria-Kollege is die eerste van hierdie inrigtings wat die taak om vir die matrikulasie voor te berei, finaal laat vaar het (in 1899) om hom slegs op universitêre werk toe te lê, terwyl die Gimnasium as 'n gewone skool sou voortbestaan om die middelbare onderwys te behartig. Sedert 1904 sou die Rhodes-Universiteitskollege in Grahamstad die middelpunt van hoër onderwys in die Oostelike Provinsie word met die oorname van die kollegewerk wat die St. Andrews- en Gill-kolleges reeds vroeër laat vaar het. In 1907 vind daar twee verdere ontwikkelings plaas: die Grey-kollege in Bloemfontein word in daardie jaar in twee aparte afdelings geskei, naamlik die Grey-Universiteitskollege en die Grey-kollegeskool, terwyl die Hugenote-Universiteitskollege uit die ou Hugenote-kollege van 1898 ontwikkel. In Pietermaritzburg vind dieselfde ontwikkeling plaas in 1910. Die Dioceson-kollege te Rondebosch het die langste met hierdie onnatuurlike kombinasie volgehou, maar raak in 1911 ook van sy universitêre afdeling ontslae deur die inlywing van laasgenoemde by die S.A. Kollege; en met die belangrike wetgewing van 1916 vind daar 'n hele reorganisasie in ons middelbare en universitêre onderwys plaas wat die grondslag gelê het vir die

1. a. Vergelyk: Rapport van die S.G.O. (Kaap-Kolonie) 1893, bl. 14.
   b. Oranje Rivier Kolonie - Verslag van Onderwysdepartement, 1907-1908, bl. 5.
   c. Du Toit: "Onderwys in Kaapland" 102, 120-121.
   d. Malherbe: "Education in South Africa", 162, 210.
   e. Steenkamp: "Onderwys vir Blankes in Natal", 187.

moontlikhede van verdere ontwikkeling van die middelbare onderwys tot 'n meer selfstandige fase van ons onderwysstelsel.

5. Breë Oorsig van die ontwikkeling van die middelbare onderwys in die 20ste eeu (Akademiese rigting.

(a) Die begin van die huidige eeu word veral gekenmerk deur die groot gang wat daar onmiddellik na die Tweede Vryheidsoorlog in die Transvaalse onderwysgeledere gekom het, in teenstelling met die betreklike onsekerheid wat die vorige eeu gekenmerk het. Wat die Vrystaat, Kaapland en Natal betref, het die verdere ontwikkeling op normale wyse verloop, en is daar in hierdie verband geen hoofmomente aan te wys voor die totstandkoming van Unie nie. Die feit dat daar, na 'n betreklike kort periode van onsekerheid, baie gouer stabiliteit in die Vrystaatse onderwysstelsel as in die Transvaal gekom het, moet in 'n baie groot mate aan die bekwame leiding van Ds. John Brebner toegeskryf word, wat vir 25 jaar die hooffiguur in die Vrystaatse onderwyssake was (sedert 1874 as hoof-inspekteur van skole, en van 1891 tot 1899 as Superintendent van Onderwys), terwyl Transvaal geen sodanige onafgebroke invloed van 'n groot persoonlikheid gehad het om 'n nuwe tydperk in sy onderwysgeskiedenis aan te kondig nie.
In die vroeë twintigste eeu sou die invloed van Dr. J.E. Adamson, wat van 1905 tot 1924 Direkteur van Onderwys in Transvaal was, hom egter baie sterk in hierdie geweste laat geld, en sedertdien sou die Transvaalse onderwysstelsel veral gekenmerk word deur allerlei proefnemings en die feit dat dit in menige opsig van die tradisionele rigting weggebreek het ..........net soos dit tot vandag toe nog die geval is dat die meeste nuwighede en proefnemings op onderwysgebied uit die Transvaal kom. Hoewel hierdie wegbreking vir die grootste gedeelte die kwessie van leerplansamestelling en eksaminering gegeld het wat hier vir die volgende hoofstuk moet oorstaan, moet die volgende feite in hierdie verband genoem word:

(i) In 1903 is die Vorms ingestel wat met latere wysiging algemeen bekend gestaan het as Vorms 1-V (korresponderend

met standerds V1-X), tot dit in 1940 deur standerds vervang is[1].

(ii) 'n Interessante proefneming was die verlenging van die middelbare kursus tot Vorm V1 in die jare 1903-1909[2]. Na "Vorm Hoër V" kon leerlinge vir die matrikulasie-eksamen van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop inskryf, sodat die Transvaalse hoërskole 'n hoër standaard beoog het met hul Vorm V1 as die destydse Matrikulasie-eksamen omdat die destydse Direkteur, Fabien Ware, van mening was dat leerlinge 'n jaar na matriek op die hoërskool moes bly alvorens 'n tegniese kursus te volg en met jong manne uit Amerika en Duitsland mee te ding. Hierdie eksperiment is in 1915 deur J.E. Adamson herhaal, dog het nooit juis 'n sukses geblyk nie[3].

(iii) In 1914 het die Transvaalse Provinsiale Raad die voortou geneem met die afskaffing van skoolgelde vir middelbare onderwys, en 'n voorbeeld gestel wat later deur ander provinsies gevolg sou word[4]. Die gevolg was 'n baie groter toestroming na die middelbare klasse, sodat die getalle in die volgende vier jaar met 62 persent vermeerder het[5].

Die volgende feite gee ons 'n beeld van die snelle ontwikkeling van middelbare onderwys in Transvaal in die periode onmiddelik voor Unie[6]. Kort na die oorlog is daar drie hoërskole

---

1. Transvaal Education Department, Report, 1903 (bl. 6,36,37).

2. a. Ibid. bl. 6.
   b. Sien ook Coetzee: "Onderwys in Transvaal", 78.

3. a. Transvaal Education Department, Report, 1914, bl. 17.
   b. Transvaal Education Department, Report, 1915, bl.15-16.

4. Transvaal Education Department, Report, 1914, bl. 11-13.

5. Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement, 1918, bl. 84.

6. a. Vergelyk Coetzee: Op. Cit. 83, 128, 141.
   b. Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement, 1918 (bl. 21).
   c. Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement, 1923 (bl. 9).

in Johannesburg geopen, en twee in Pretoria. In 1905 kom daar 'n hoërskool vir seuns by in Potchefstroom. In die plattelandse distrikte is daar in die gewone laerskole ook middelbare afdelings toegelaat, en in 1910 was daar reeds 20 sulke skole en 7 gewone hoërskole. Na die totstandkoming van Unie het hierdie getal nog grootliks gestyg, sodat daar in 1918 reeds 20 hoërskole was, en in die begin van 1923 'n totaal van 43, terwyl die aantal skole met middelbare afdelings ook toegeneem het.

(b) By die totstandkoming van Unie in 1910 het die middelbare onderwys onder die provinsies te staan gekom, en elke provinsiale stelsel was vry om op sy eie manier te ontwikkel en as 't ware in 'n "Waterdigte administratiewe kompartement" sy werk voort te sit en sy eie onderwystradisies te handhaaf[1]. Die enigste teenwig vir algehele vryheid was die eenvormigheid ten opsigte van die eksamenstandaard vir die matrikulasie-eksamen van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop (tot 1917), en in 'n mindere mate ook dié van die latere Gemeenskaplike Matrikulasieraad (na 1917), wat deur Malherbe bestempel is as "..... the greatest single force in making for uniformity in South African education"[2].

'n Baie belangrike gebeurtenis in hierdie tyd is juis die ingrypende verandering wat daar in 1917 in ons eksamenstelsel aangebring is, toe die onderwys in 'n groter mate losgemaak is van die universiteit as die enigste eksaminerende liggaam, en die pligte van eksaminering aan die Gemeenskaplike Matrikulasieraad oorgedra is wat as 'n skakel tussen die universiteite en die onderwysdepartemente gedien het in die sin dat almal daarop verteenwoordiging sou hê. Aangesien hierdie gebeurtenis so 'n verreikende invloed in verband met die ontwikkeling van ons middel-

1. a. Smuts: "The Education of Adolescents in South Africa" 24.
   b. Onderwysdepartement van die O.V.S.: "Rapport oor die Tydperk 1 Januarie 1941 tot 31 Desember 1945", bl. 6.

2. Malherbe: "Examinations in South Africa"...in "The Year Book of Education 1938", bl. 203.

bare onderwys gehad het, word dit in 'n latere gedeelte van hierdie hoofstuk in nadere besonderhede behandel[1], hoewel dit hier genoem moet word dat die verskillende onderwysdepartemente nou ook 'n groter mate van vryheid geniet het om onder die kontrole van hierdie Raad waarop hul self ook verteenwoordiging gehad het, in 'n sekere mate hul eie rigting uit te werk, ten spyte van die feit dat die invloed van die universiteite tot vandag toe nog steeds oorheersend was in hierdie Raad.

Sedert 1920 het daar verskillende tipes middelbare skole in ons land ontwikkel, dit is die gewone hoërskole met 'n volle middelbare kursus tot Standerd X, en die kleinere tipe middelbare skool wat die middelbare kursus slegs tot Standerd Vlll voer en met verskillende name aangedui word: Sekondêre skole in Kaapland, en Intermediêre of Juniorhoërskole in die ander provinsies. In Natal[2] is daar reeds voor 1910 vir sekondêre onderwys op die platteland voorsiening gemaak deur primêre skole toe te laat om ook sekondêre werk te doen. Dit was die sogenaamde "gekroonde skole". In 1922 het die Provinsiale Raad die plattelandse skole wat gevorderde werk gedoen het, op 'n vaste basis geplaas deur die stigting van Intermediêre skole waarvan vele, egter, tot hoërskole ontwikkel het, sodat daar in 1940 reeds 26 hoërskole in Natal was. Net soos Transvaal, was hierdie skole in werklikheid laerskole met middelbare afdelings. In Transvaal het die Intermediêre skool[3] sedert 1923 ontwikkel om in 'n nuwe behoefte te voorsien, naamlik in dié van die leerlinge wat 'n meer uitgebreide onderwyskursus verlang het, maar nie voornemens of in staat was om na 'n universiteit te gaan en die gewone matrikulasiekursus te volg nie. In 1923 is hierdie skema begin met die stigting van 22 sentraal-geleë Intermediêre

1. Sien No. 8 (a).

2. a. Steenkamp: "Onderwys vir Blankes in Natal" 183-184.
   b. Sien Verslag van die Natalse Direkteur van Onderwys, 1940 (bl. 49-50).

3. Verslag van Transvaalse Onderwysdepartement, 1922 (bl. 14) en 1923 (bl. 51).

skole aan die Rand en Pretoria. In 1927 is daar ook sewe op die platteland bygevoeg[1]. Die skema was egter nie heeltemal 'n sukses nie, sodat hierdie skole langsamerhand vervang is deur die tans meer bekende Juniorhoërskole ooreenkomstig die aanbevelings van die Onderwyskommissie van 1928[2]. Op die Transvaalse platteland is daar verder voortgegaan met die middelbare afdelings aan die laerskole, hoewel die kleiner middelbare afdelings bo Vorm 111 (St. V111) reeds sedert 1920 afgeskaf is[3] om 'n begin te maak met die idee van die groot gesentraliseerde hoërskole waarvoor die Transvaal vandag bekend is. Vir die kleiner skole is 15 en 10 leerlinge vereis vir Vorms 11 en 111 onderskeidelik[4]. Sedert die stigting van die skoolplase in 1935 vind ons dan die volgende fasiliteite vir middelbare onderwys in Transvaal: laerskole met middelbare klasse vir Vorms 11 en 111 (Standerds V11 en V111) of Vorm 11; Juniorhoërskole en Skoolplase; hoërskole, en skole onder beheer van die Unie-Onderwysdepartement. Die Juniorhoërskole van die Vrystaat verskil van dié van die Transvaal in die sin dat hul dieselfde vasgestelde kursusse as die gewone hoërskole volg, en gevolglik geen gedifferensieerde onderwys verskaf om in spesiale behoeftes te voorsien nie. In die Kaapprovinsie en die Transvaal word leerlinge soms na Standerd V na die hoërskool oorgeplaas, hoewel die werk in Standerd V1 dan dieselfde as in die gewone laerskole bly[5].

Die geweldige uitbreiding van middelbare onderwys in Suid-Afrika in die huidige eeu is 'n fenomenale prestasie, wat toegeskryf moet word aan die steeds groeiende behoefte aan 'n geeste-

---

1. Verslag van Transvaalse Onderwysdepartement, 1927 (bl.73).
2. Transvaalse Onderwysdepartement: "Verslag van die Onderwyskomitee 1928", par. 28-32.
3. Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement, 1920 bl. 25-26.
4. Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement 1935, (bl. 16).
5. Bulletin van Onderwys-statistiek vir die Unie van Suid-Afrika, 1947, bl. 13.

like en algemeen-kulturele ontwikkeling in 'n meer verligte tydvak in ons geskiedenis. Vergelykende onderwys-statistieke van 1918 tot 1946 is in hierdie verband insiggewend, soos die volgende uittreksel uit 'n tabel in verband met die persentasie leerlinge op die rol bo St. VI duidelik aantoon[1]:

| Jaar. | O.V.S. | K.P. | Natal. | Transvaal. | Totaal vir Unie. |
|---|---|---|---|---|---|
| 1918 | 5.9 | 9.0 | 8.8 | 4.5 | 6.9 |
| 1926 | 11.4 | 11.0 | 9.0. | 7.1 | 9.5 |
| 1936 | 17.8 | 15.7 | 14.3 | 12.8 | 14.7 |
| 1946 | 19.3 | 18.8 | 16.3 | 15.5 | 17.2 |

In hierdie verband is dit van belang om daarop te let dat die persentasie leerlinge aan die middelbare skool en die industrialisasie van die provinsie in 'n omgekeerde orde tot mekaar staan[2]: die hoogste persentasie middelbare leerlinge vind ons in die Vrystaat, waar die moontlikhede vir vroeë indiensneming deur die nywerhede die geringste is, en die laagste persentasie in die Transvaal met sy groter stadsgebiede en industrialisasie. Met die verhoogde fasiliteite vir middelbare onderwys is daar in al die provinsies 'n groot styging in die getal middelbare leerlinge; en dat die werklike interpretasie-waarde van die hierbo aangehaalde syfers nog veel groter as hul gesigswaarde is, blyk duidelik uit die volgende vergelykende syfers soos vervat in die 1939-Verslag van die Transvaalse Onderwyskommissie: van 1918 tot 1937 was daar 'n styging van 56 persent in die totale inskrywing van alle goewermentskole (uitgesonderd die Normaalkolleges) in die Transvaal teenoor 'n styging van 439.7 persent in die middelbare getalle vir dieselfde tydperk[3]. Die Kommissie skryf hierdie feit toe aan "... die toename in die geriewe aangebied vir die middelbare onderwys en in die aantal leerlinge wat van daar-

1. Bulletin van Onderwys-statistiek vir die Unie van Suid-Afrika, 1947, bl. 39.

2. Vergelyk: "Bulletin van Onderwys-statistiek vir die Unie van Suid-Afrika, 1947", bl. 39.

3. Provinsie Transvaal: "Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1939" bl. 81.

die geriewe gebruik gemaak het"[1]. Die volgende feite in verband met die fasiliteite vir middelbare onderwys in 1944 wat by wyse van navraag by die verskillende onderwysdepartemente en uit aangegewe bronne verkry is, is in hierdie verband van belang: In 1944 was daar ......

(i) In Kaapland: 170 hoërskole, en 71 sekondêre skole;

(ii) In Transvaal: 55 hoërskole, en 73 skole met klasse tot St. Vll of Vlll;

(iii) In die O.V.S.: 54 Hoër- en 9 Juniorhoërskole;

(iv) In Natal: 42 middelbare en hoërskole[2].

Bogenoemde feite is meer bepaaldelik van toepassing op die akademiese stroom in die middelbare onderwys. Hierby moet nog gevoeg word die verskillende vorms van nie-akademiese middelbare onderwys wat parallel hiermee ontwikkel het. Dan bly daar ook 'n paar aspekte van die akademiese middelbare onderwys oor wat nie in hierdie breë oorsig aangeraak is nie; en in die volgende afdelings van hierdie hoofstuk sal die volgende gesigspunte van middelbare onderwys afsonderlik behandel word: nie-akademiese middelbare onderwys, nuwe rigtings en vernuwing in die middelbare onderwys, en die totstandkoming van die provinsiale skooleindeksamens in aansluiting by die matrikulasie-eksamen.

## 6. Nie-akademiese middelbare onderwys.

(a) Sedert 1910 het daar ook belangrike ontwikkelings in verband met die sogenaamde nie-akademiese middelbare onderwys plaasgevind[3], waarby veral inbegrepe is die meer beroepskundige

1. Provinsie Transvaal: "Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1939" bl. 81.

2. Sien Verslag van die Natalse Direkteur van Onderwys, 1944 (bl. 51).

3. Sien onder meer..........
   a. Malherbe: "Education in South Africa" 430-435.
   b. Coetzee: i. "Die Moderne Opvoeding" 54-57.
      ii. "Onderwys in Transvaal" 122-123, 145-153, 195-199
   c. Du Toit: "Onderwys in Kaapland" 155-157.
   d. Steenkamp: "Onderwys vir Blankes in Natal" 184-186.
   e. Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys" (De Villiers-verslag).

óf nie-algemene onderwys in die gewone middelbare skool, tegniese onderwys, vakskole en nywerheidskole. Met die Suid-Afrika-Wet van 1910 is alle laer en middelbare onderwys aan die provinsiale owerhede toegewys, terwyl hoër of universitêre onderwys onder Uniale beheer sou staan. Die posisie van die meer beroepskundige onderwys soos tegniese en vakskoolopleiding was egter nog onseker; maar toe die hoofde van die vier provinsiale onderwysdepartemente in 1912 lede van die voorgestelde "Nasionale Raad van Advies vir Tegniese Onderwys" geword het by die eerste samestelling van dié Raad, sou die provinsies voorlopig nog in beheer van hierdie onderwysfunksies bly met die advies van die Raad tot hul beskikking. Intussen het die vraag na beroepsonderwys so sterk geword, dat die provinsies geleidelik moes oorgaan tot die stigting van hoër handelskole, tegniese en ander spesiale soorte skole wat dikwels uit die gewone middelbare skole ontwikkel het. Op verskeie plekke in die Unie is daar ook "Ambagskole" gestig, veral deur die inisiatief van die Ned. Ger. Kerk, om voorsiening te maak vir die verarmde Suid-Afrikaanse kind[1]. Die meeste van hierdie vorms van middelbare onderwys kon egter nie na wense ontwikkel onder die provinsies nie, omdat hul te duur was en allerlei probleme opgelewer het wat veelmeer van 'n nasionale aard as 'n provinsiale aangeleentheid was; gevolglik het die Unieregering langsamerhand ingegryp en sommige van hierdie inrigtings deur agtereenvolgende wetsbepalings oorgeneem. Die Unieregering het immers reeds die inisiatief geneem in verband met die standaardisering van tegniese onderwys deur die instelling en beheer van die "Nasionale Handels- en Tegniese Diplomas" in 1919, ten spyte van die feit dat die provinsiale owerhede nog vir die opleiding verantwoordelik was[2]. Behalwe hierdie tegniese en kommersiële eksamens, het die Unie-Onderwys-

1. Coetzee: "Die Moderne Opvoeding", 55.

2. Ibid. 55 - 56.

departement sedert 1916 ook reeds ander eksamens van 'n beroepskundige aard afgeneem soos die "Entrance Clerical Examination", sekere Staatsdienseksamens na Standerd X (veral in die tale en algemene kennis), en die Vakleerling-eksamen[1]. Die Unieregering het dus reeds heel vroeg blyke gegee van 'n besondere belangstelling in alle vorms van beroepsopleiding, en was op die Durbanse konferensie tussen die provinsiale owerhede en die Unieregering (1924) heeltemal bereid om die ooreenkoms aan te gaan dat alle suiwer tegniese en beroepsopleiding in tegniese kolleges, ambagskole, handelskole, landbouvakskole, huisvlytskole, nywerheidskole, en so meer voortaan regstreeks onder die beheer van die Unie-onderwysdepartement sou staan, terwyl die gewone skoolvakke van 'n meer beroepskundige aard soos die kommersiële vakke, handewerk, landbou- en huishoudkunde, wat 'n deel van die gewone middelbare kursus in die provinsiale skole gevorm het, nog onder provinsiale beheer sou bly. Die oordrag het op 1 April 1925 plaasgevind, toe 19 Staats- en 23 Staatsondersteunde inrigtings onder die Unie-onderwysdepartement geplaas is[2]. Die Landbouvakskole is later (1 April 1938) egter weer aan die provinsiale departemente teruggegee met die waarborg dat die Unieregering 85 persent van die netto koste sou betaal[3].

(b) Die huidige posisie in verband met die nie-akademiese (beroepskundig-vakkundige of half-vakkundige) middelbare onderwys sou dan as volg opgesom kon word[4]:

1. Malherbe: "Examinations in South Africa"... in "The Year Book of Education, 1938" bl. 218.

2. Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys (De Villiers-verslag), paragraaf 73.

3. Bulletin van Onderwys-statistiek vir die Unie van Suid-Afrika, 1939, bl. 13.

4. Sien (a) Bulletin van Onderwys-statistiek vir die Unie van"Suid-Afrika, 1947", bl. 16 - 17; en

   (b) Verslag van Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys (De Villiers-verslag).

(i) Gedeeltelik na-primêre en gedeeltelik na-middelbare tegniese en vakkundige opleiding in die 11 Tegniese Kolleges en "Voortsettingsklasse" met hul verskillende takke, almal onder beheer van die Unie-onderwysdepartement.

(ii) Vakskole onder beheer van die Unie-onderwysdepartement, insluitende -

'n aantal Hoër Handelskole wat meesal net leerlinge wat minstens Std. VIII geslaag het, inneem;

10 Hoër Huishoudskole wat voorsiening maak vir die Nasionale Juniorsertifikaat in Huishoudkunde;

10 Tegniese Hoërskole in plattelandse gebiede, met 'n driejarige kursus na Std. VI wat tot die Tegniese Juniorsertifikaat of Ambagskoolsertifikaat lei.

Agt Tegniese Kolleges bied ook tegniese of ambagskursusse aan in hul dagskole.

(iii) 12 Nywerheidskole wat suiwer opvoedkundige inrigtings onder beheer van die Unie-onderwysdepartement is (en nie strafinrigtings nie[1]), meesal verwaarloosde kinders inneem (slegs sowat 15% is probleemgevalle wat spesiaal daarheen gestuur word[2]) en vir 'n groot gedeelte ook nog laerskoolwerk moet doen.

(iv) 5 Landboukolleges onder die Departement van Landbou (Elsenburg, Glen, Grootfontein, Cedara, en Potchefstroom).

(v) Die reeds genoemde meer beroepskundige vakke in die gewone departementele middelbare skole.

(vi) 'n Paar skole van 'n meer beroepskundige aard onder beheer van die provinsiale onderwysdepartement, naamlik:

8 Hoër Landbouskole wat opleiding vir 'n gewysigde Seniorsertifikaat verskaf;

10 Skoolplase in Transvaal en 'n paar soortgelyke inrigtings in Kaapland bied 'n Landboukursus met 'n baie sterk beroepstrekking aan;

8 Juniorhoërskole in Transvaal met die uitgesproke doel om beroepsopleiding te verskaf.

By die genoemde provinsiale skole moet die Transvaalse Juniorhoërskool en die Skoolplaas-idee veral gesien word as uitvloeisels van 'n geheel nuwe gees wat na groter differensiasie en

1. Bulletin van Onderwys-statistiek, 1947, bl. 17.

2. Ibid.

vernuwing in ons middelbare onderwys soek - 'n aspek van middelbare onderwys wat op hierdie stadium ons noukeurigste aandag verdien.

## 7. Differensiasie en Vernuwing in die middelbare onderwys.

(a) Die periode vanaf 1910 word nie alleen deur 'n kragtige uitbreiding van die middelbare onderwys gekenmerk nie, maar ook deur 'n kragtige vernuwing daarvan. Daar is reeds terloops op 'n paar nuwe rigtings gewys wat groter differensiasie in die hand werk. Hier is dit veral weer die Transvaal wat die grootste inisiatief geneem het soos blyk uit die reeds genoemde sentralisasiebeleid, die skoolplaas-idee, en die idee van die Transvaalse Juniorhoërskool; en hoewel hierdie nuwe rigtings weer die aandag geniet in verband met die ontwikkeling van die leerplanne vir die middelbare skool[1], is dit van belang om hier op die opvoedkundige gedagte wat ten grondslag aan hierdie ontwikkeling lê, te let.

(b) 'n Baie belangrike ontwikkeling in die middelbare onderwys in ons land is die vernuwing van die plattelandse onderwys, veral in Transvaal. Hoewel die idee van die Transvaalse skoolplase reeds so ver teruggaan as die periode kort na die totstandkoming van Unie, moet die vroegste ontwikkeling daarvan veral op die krediet van die ondernemingsgees van 'n paar hoofonderwysers in Kaapland geplaas word, naamlik Mnr. S.J. Botha van Seodin, Mnr. H.J. Vermeulen van Winton, en Mnr. D.S. Uys van Dikkepping[2]. Ook in Kakamas is daar reeds heel vroeg 'n begin gemaak met die sogenaamde "Landbou-Selfboerstelsel". Juis op 'n tydstip toe die saak groot aandag in Transvaal geniet het, is die Konferensie van die "Nuwe Onderwysbond" in Johannesburg gehou (Julie

1. Hoofstuk 11.

2. a. Coetzee: i. "Onderwys in Transvaal", 125
ii. "Die Moderne Opvoeding", 54.
b. Du Toit: "Onderwys in Kaapland", 146.

1934) wat volgens Prof. Coetzee 'n groot invloed ten goede in verband met die vernuwing van die onderwys in Transvaal gehad het[1]. Die groot geesdrif waarmee hierdie idee op daardie konferensie ontvang is[2], was moontlik 'n aansporing tot die grootsê kragsinspanning waarmee die saak in 1934 - 1935 aangepak is, sodat daar in 1935 reeds vyf skoolplase in Transvaal gevind word: "Happy Rest" (Louis Trichardt),"Merensky" (Duiwelskloof), "Kuschke" (Pietersburg), "Bekker" (Magaliesberg), en "Sannieshof" (Lichtenburg)[3]. In 1936 word die sesde skoolplaas gestig naamlik "Amsterdam" (Ermelo), en die volgende jaar kom daar nog twee by: "Paul Kruger" (Rustenburg) en "Klipdrif" (Potchefstroom). In die 1939-verslag van die Transvaalse Onderwyskommissie word die oprigting van die skoolplaas as die antwoord van die Administrasie op die opvoedkundige probleme van die platteland gesien, en nie as 'n beroepskool met die uitsluitlike doel om leerlinge vir die boerdery op te lei nie[4]. Die inrigting moes dien as "die gevorderde skool van die platteland" waar "die plaas met sy verwante bedrywighede slegs as 'n onderwysmiddel gebruik word" sodat die leerlinge hulself in 'n wye omvang van praktiese vakke kan vind, hoewel die gedagte ook van die veronderstelling uitgaan dat die meeste van die leerlinge weer na die plase sal terugkeer[5]. Dis dan van belang om daarop te let dat hierdie onderneming die grootste bewondering van Prof. Petersen van die Universiteit Jena afgedwing het, soos blyk uit die getuienis wat hy voor die Kommissie afgelê het[6], en om verder ag te slaan op

1. Coetzee: "Onderwys in Transvaal", 181.
2. Ibid. 187.
3. Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement, 1935, bl. 17.
4. Verslag van die Transvaalse Onderwyskommissie, 1939, bl. 88 - 90.
5. Ibid.
6. Ibid. 89.

die opmerking van Inspekteur Ackerman in die Transvaalse Jaarverslag vir 1935 dat hierdie skole 'n ernstige poging is om die honderde plattelandse seuns en dogters, wat anders doelloos tuis sou gaan sit het na Standerd Vl, te help om verder onderwys te ontvang, en as sodanig die steun verdien van elkeen wat dit wel meen met sy volk[1].

(c) Die Transvaalse Juniorhoërskool is in 1938 ingestel met die doel om 'n groter mate van gedifferensieerde onderwys te verskaf en voorsiening te maak vir dié leerlinge wat die middelbare skool nodig het as 'n skakel tussen die laerskool en die beroepe[2], en bring as sodanig 'n nuwe klank in ons middelbare onderwys. Hoewel 'n algemene onderwys nagestrewe word, moet dit 'n praktiese onderwys wees waar die leerlinge vir die bereiking van die Juniorhoërskool-sertifikaat na drie jaar (St. Vl - Vlll) onder meer met een of meer van die volgende beroepe kennis moet maak: bou-ambagte, drukkerye, spoorwegdienste, posdienste, kantoorwerk, munisipaliteite, nywerhede, en ander[3]. Beroepsvoorligtingsdienste wat in die jongste tyd aansienlik uitgebrei is in die Transvaal, speel verder 'n belangrike rol in hierdie skole.

(d) Die instelling van 'n beroepsvoorligtingsdiens in die Transvaal in 1936 is 'n parallelle ontwikkeling met die nuwe stroming in die rigting van gedifferensieerde onderwys, en kondig 'n nuwe geesteshouding en 'n meer wetenskaplike fase in die benadering van opvoedkundige probleme aan. Soos op ander gebiede het die Transvaal hier weer die groot baanbrekerswerk gedoen. Hierdie werk[4] wat in 1936 begin is met die eerste vol-

---

1. Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement, 1935, bl. 124
2. Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys (De Villiers-verslag) par. 85.
3. Ibid., par. 86.
4. Vergelyk: "Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys" (De Villiers-verslag), par.1579-1614.

tydse beroepsvoorligter onder die Transvaalse Onderwysdepartement, het vandag reeds aansienlik uitgebrei in hierdie provinsie, en die vyf beroepsvoorligters het reeds hul eie buro in Johannesburg. Intelligensietoetse word op groter skaal toegepas in die Transvaal as elders: alle Standerd V en Vl kinders in die provinsie word aan hierdie toetse onderwerp, en op grond van hul I.K. en hul skoolrekord (soos blyk uit die individuele verslagkaart) word besluit of hul voordeel uit 'n hoërskoolkursus sal trek, en of hul liefs na 'n Juniorhoërskool, 'n tegniese skool of in 'n ander rigting behoort te gaan. Daar is gevolglik geen toelatingseksamen vir die hoërskool in Transvaal nie. In die Kaap sou die eerste georganiseerde beroepsvoorligtingsdiens eers agt jaar later begin, terwyl die saak in die Vrystaat en Natal nog heeltemal in 'n aanvangstadium is.

(e) Transvaal het ook die voortou geneem met die <u>verhoging van die leerplig</u> en die geleidelike <u>uitskakeling van die Juniorsertifikaat-eksamen</u>. Met ingang Januarie 1933 is die leerlingwet in Transvaal reeds sodanig gewysig dat skoolbesoek vir alle leerlinge verpligtend sou wees tot 16 jaar of St. Vlll[1]. Met ingang Januarie 1946 is hierdie voorbeeld deur die Vrystaat nagevolg, met dié verskil egter, dat hier geen standaard genoem word as alternatief teenoor die ouderdom van 16 jaar nie, sodat die leerplig in die Vrystaat volgens die destydse Direkteur die hoogste in die Unie sou wees[2]. In Transvaal is dit ook geen gebruiklike praktyk dat leerlinge aan hoërskole die Juniorsertifikaat-eksamen aflê nie, behalwe slegs in uitsonderlike gevalle soos deur beursleerlinge; en volgens 'n aankondiging in die Kaapse Onderwysgaset van 27 Januarie 1949, sal daar voortaan min of meer dieselfde beleid in hierdie provinsie gevolg word[3].

1. Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement, 1933, bl. 151.

2. Onderwysdepartement van die O.V.S.: "Rapport oor die Tydperk 1 Januarie 1941 tot 31 Desember 1945", bl. 8.

3. "Die Onderwysgaset", publikasie van die Kaapse Onderwysdepartement, 27 Jan. 1949, bl. 202.

Miskien mag dit in hierdie verband ook van belang wees om daarop te let, dat hierdie en ander vorms van vernuwing in die middelbare onderwys 'n geleidelike losmaking van 'n baie ou en lang-gevestigde tradisie is; en waar die tradisie van vaste leerplanne en eksamenoorheersing wat reeds heel vroeg in die geskiedenis van ons middelbare onderwys ontwikkel het vanweë die hegte verband tussen die middelbare skool en die universiteit, 'n moontlike faktor mag wees wat verhoed dat die gety van vernuwing sneller verloop, is dit van belang om daarop te let in welke verhouding ons middelbare onderwys tot die tradisionele invloed van die universiteit staan sedert die belangrike gebeurtenis van 1917, toe die universiteit afstand gedoen het van sy reg as enigste eksaminerende liggaam.

## 8. Invloed van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad (G.M.R.), en die stryd van die middelbare skool teen Universitêre Oorheersing.

(a) Die beweging van algehele skeiding van hoër- en middelbare onderwys wat reeds in 1899 begin het en in 1911 finaal voltooi is[1], sou sy finale bekroning vind met die belangrike wetgewing van 1916 waarvolgens die universiteit ook sy alleenreg tot eksaminering aan 'n liggaam moes oordra waarop sowel die universiteite as die middelbare skole verteenwoordig sou word. Met hierdie Universiteitswet van 1916 sou die ou Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop van 1918 af nie meer as 'n eksaminerende universiteit voortbestaan nie, en in die plek daarvan is daar drie doserende universiteite in die lewe geroep, naamlik die Universiteit van Kaapstad ('n ontwikkeling uit die S.A. Kollege), die Universiteit van Stellenbosch ('n ontwikkeling uit die Viktoria-Kollege), en die Universiteit van Suid-Afrika met sy verskillende doserende Universiteitskolleges[2] waarvan die meeste sedertdien reeds selfstandige universiteite geword het. Elkeen van hierdie universiteite sou sy verteenwoordiging hê op die

1. Sien Par. 4 hierbo.

2. Vergelyk Malherbe: "Education in South Africa", 107, 420 - 421.

Gemeenskaplike Matrikulasieraad wat voortaan die Matrikulasie-eksamen van die middelbare skool (as toelatingsvereiste tot die universiteit) sou beheer; en hoewel die verskillende onderwysdepartemente ook op hierdie Raad verteenwoordig is, asook die middelbare skole van die onderskeie provinsies wie se verteenwoordigers deur die Minister aangestel is op aanbeveling van die hoofde van die betrokke departemente, is die Raad op sodanige wyse saamgestel dat die verteenwoordigers van die universiteite in die meerderheid sou wees: van die 23 lede van die Raad het 12 die universiteite verteenwoordig, 5 die onderwysdepartemente, en 6 die middelbare skole waarvan twee uit Transvaal en twee vir Kaapland[1]. In die praktyk het hierdie Raad dus nog steeds 'n liggaam gebly wat in belang van die universiteite vir die hoërskool sou voorskryf. Dit geld veral die eksamenvereistes en die voorskryf van die leerplanne, wat weliswaar as 'n waarborg van 'n groter mate van eenvormigheid van standaard by die vyf onafhanklike onderwysdepartemente (die vier provinsiale departemente en die Unie-onderwysdepartement) gedien het, maar ook reeds heel gou die vraag onder die soeklik gebring het of dit as 'n gesonde beleid gesien kan word dat die universiteite deur hierdie Raad nog steeds die werk van die middelbare skool sou domineer, en dat die vakspesialiste van die universiteit hul met die werk van opvoedkundiges sou inmeng.

(b) Teen hierdie oorheersing van die universiteit het daar reeds vroeg stemme opgegaan, omdat dit veral gevoel is dat die dubbele funksie van matriek as toelatingskwalifikasie vir die universiteit en as 'n lewenskwalifikasie vir die Skooleinder 'n onversoenbaar-dubbelslagtige ideaal in ons middelbare onderwys is. In 1903 het die moontlikheid van 'n ander eksamen as die gewone matrikulasie vir die oorgrote gros leerlinge wat nie toelating na 'n universiteit verlang nie, reeds die gesamentlike

1. Sien Malherbe: "Education in South Africa", bls. 421 (voetnoot), vir vermeerdering van die getal verteenwoordigers vir die universiteite, 1921 (4de selfstandige universiteit) tot 1924.

aandag geniet van die hoofde van die koloniale onderwysdepartemente op hul Bloemfonteinse konferensie, waar die besluit geneem is om by die Universiteit aan te dring op 'n eksamen waarby die skole ook hul eie aandeel sou hê[1]. Omdat daar egter niks van die saak tereggekom het nie, is dit veral in hierdie verband dat die totstandkoming van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad as 'n groot voorwaartse stap beskou moet word, want ten spyte van die universitêre oorheersing in dié Raad, sou die onderwysdepartement en die middelbare skole nou vir die eerste keer in die geleentheid gestel word om deur middel van hul verteenwoordigers op die Raad groter druk op die universiteite uit te oefen.
Dis dan van belang om daarop te let dat die ideaal van 'n eie Skooleindeksamen reeds vier jaar na die totstandkoming van die Matrikulasieraad deur die inisiatief van minstens een provinsiale onderwysdepartement verwesenlik is. Soos in ander gevalle, is dit weer die Transvaal wat hier die voorbeeld gestel het, hoewel die Kaap ongeveer dieselfde tyd met 'n soortgelyke skema besig was wat twee jaar na dié van die Transvaal in werking gestel sou word. Die Matrikulasieraad het in 1920 die skema van die Transvaalse Onderwysdepartement aanvaar, en van 1921 af sou die T.O.D. sy eie Skooleindeksamen deur sy eie eksaminatore afneem, en die skoolrekord van die leerlinge in aanmerking kon neem. Die Matrikulasieraad het hierdie sertifikaat as gelykwaardig aan hul eie erken, maar het vir dié doel toesig oor die eksamen uitgeoefen deur hul moderator. Hierdie voorbeeld het sedertdien by die ander departemente navolging gevind, sodat die feite in verband met die departementele eksamens as volg saamgevat kan word[2]:

Transvaalse (Skool-)Eindsertifikaat, 1921;
Kaapse Seniorsertifikaat ........... 1923;
Nasionale Seniorsertifikaat van die Unie-onderwysdepartement deur die Matrikulasieraad erken vir matrikulasievrystellingsdoeleindes ...................... 1932;
Matrikulasieraad stel sy eie Seniorsertifikaat in vir

---

1. Malherbe: "Education in South Africa", 306
2. Sien onder meer: "Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika", 1940" bl. 369.

leerlinge wat nie na die universiteit wil gaan nie, 1936;
Skooleindsertifikaat van die O.V.S. ............ 1939.
(Natalse skole doen nog die eksamens van die Matrikulasieraad).

In Transvaal is daar nog altyd 'n besondere waarde aan die skoolrekord geheg. In die Vrystaat is die skoolrekord onlangs weer afgeskaf[1], terwyl dit in die Kaap nog nooit juis erkenning geniet het nie.

Ook in die Juniorsertifikaat-eksamen was daar 'n algemene wegbreking van die eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika. Die Kaap het hier die voortou geneem in 1921, Transvaal het in 1932 gevolg, en die O.V.S. in 1933. Dis ook van belang om daarop te let dat die Juniorsertifikaat-eksamen nog nooit populêr was in Transvaal nie; in die plek daarvan het ál hul leerlinge die Skoolsertifikaat-eksamen aan die einde van Vorm lV gedoen (dit is 'n jaar later as die St. Vlll-eksamen) as 'n siftingeksamen vir Vorm V[2]. Dit verbaas 'n mens dan ook geensins nie dat daar in Transvaal reeds heel gou na die instelling van hul eie Juniorsertifikaat-eksamen, 'n hele reeks hersiene regulasies sou verskyn waarvolgens dié eksamen slegs verpligtend sou wees vir skole wat nie verder as daardie stadium gaan nie, maar opsioneel vir dié wat verder gaan, omdat dit (in die woorde van die Direkteur) in die een geval as 'n hulp beskou moes word, maar in die ander as 'n stremming[3].

(c) Vir die afneem van hierdie departementele eksamens het elke departement sy eie eksaminerende liggaam uit eie geledere saamgestel[4]. Die <u>Kaapse</u> eksamens staan onder 'n <u>Eksamenkomitee</u>

---

1. O.V.S.: Byvoegsel tot die 1947-uitgawe van die Juniorsertifikaat- en Skooleind-handboeke, bl. 1. (<u>Byvoegsel</u>: O.V.S. Juniorsertifikaat-eksamen, Handboek 1948" bl. 1; en"O.V.S. Skooleindsertifikaat-eksamen, Handboek 1948", bl. 1).

2. a. Sien Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement, 1918 (bl. 17).
   b. Coetzee: "Onderwys in Transvaal", 107, 114.

3. Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement, 1935, bl. 25.

4. Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1940, bl. 369.

van 21 lede, naamlik 10 verteenwoordigers van die onderwysdepartement, 9 van die onderwysverenigings, en 2 van die Matrikulasieraad (G.M.R.). Die Vrystaatse Eksamenraad van 17 lede sluit onder meer 2 verteenwoordigers van die Vrystaatse Universiteitskollege (Universiteit van die O.V.S. met ingang 1950) en 2 van die G.M.R. in, terwyl die G.M.R. geen verteenwoordiging het op die Transvaalse Raad van Moderatore wat uit 15 verteenwoordigers van die Inspekteurspersoneel, Normaalkolleges, Universiteite, Hoër- en Middelbare skole bestaan nie, maar die vereiste stel dat hierdie Raad sekere eksamenskrifte vir hul Eindsertifikaateksamen aan die goedkeuring van die G.M.R. moet onderwerp. Dis trouens van belang om daarop te let dat al hierdie eksaminerende liggame aan heelwat voorskrifte en restriksies van die G.M.R. onderworpe is by die afneem van hul eksamens, sodat die stryd van die middelbare skool teen universitêre oorheersing nog lank nie uitgestry is nie.

(d) Hoewel die departementele Skooleindeksamens nog altyd onder die toesig van die G.M.R. staan, was die instelling daarvan ter verwesenliking van die ideaal dat die verskillende onderwysdepartemente op hul eie wyse voorsiening sou maak in die behoeftes van hul leerlinge wat nie voornemens is om na 'n universiteit te gaan nie, tog 'n baie belangrike ontwikkeling waardeur daar aan ons middelbare onderwys 'n meer selfstandige plek in ons onderwysstelsel toegeses is. Op die vraag of hierdie ontwikkeling die verwagte uitwerking gehad en daardie mate van losmaking van universitêre oorheersing verseker het waarna gestreef is, sal 'n duideliker antwoord gegee word wanneer die kwessie van leerplan-ontwikkeling vir die middelbare skool te berde kom in Hoofstuk 11. Om meer lig op hierdie vraag te kry, sal die kwessie van die houvasvermoë wat die middelbare skool en die universiteit op ons leerlinge het, egter eers in oënskou geneem moet word.

## 9. Die Houvasvermoë van die middelbare skool en die Universiteit.

(a) Van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing is die syfers ontvang van die aantal eerstejaar-studente aan ons universiteite vir die verskillende jare vanaf 1941 tot 1946, asook die ooreenstemmende syfers vir die aantal geslaagdes in Standerd X (met en sonder matrikulasie-vrystelling afsonderlik), 1940 tot 1946. Op bladsy 37 - 39 van die jongste "Bulletin van Onderwys-statistiek[1]" vind ons weer interessante syfers in verband met die uitsakking van leerlinge vanaf St. Vl tot St. X vir die jare 1927-1946, waarby St. Vl as uitgangspunt geneem is vir die betrokke tabelle. Met hierdie gegewens gewapen, was dit vir die skrywer moontlik om die uitsakking deur al die klasse van die middelbare skool tot by die universiteit te bepaal, en die persentasie-verbande van die verskillende klasse met die daaropvolgende klasse aan te dui, vir welke doel die syfer 100 telkens as klas-uitgangspunt geneem is in Tabel 1. Die syfers gaan vanaf St. Vl tot by die eerstejaar-kursusse van die universiteit vyf jaar later; en aangesien die syfers vir die universiteitstudente buitengewone afwykings van die normale groei toon vir die jaar 1946[2] (welke afwykings volgens die inligting van die Buro waarskynlik aan die toestroming van die teruggekeerde soldate toegeskryf moet word), is die 1945-inskrywings as die uitgangspunt geneem waarvandaan daar dan na die St. Vl-klas van 1940 teruggewerk is.

(b) Die syfers in hierdie tabel is vir die grootste gedeelte selfverklarend. Vir die doel van hierdie verhandeling mag dit van belang wees om daarop te let dat 'n baie geringe persentasie van die leerlinge in die eerste middelbare klas van die skool na vier jaar aan die universiteit beland. By die hoogste

1. Uitgawe van 1947.

2. Die volgende syfers vir die getal eerstejaars aan die universiteite vir die verskillende jare toon die posisie aan: 3734 (1941); 3783 (1942); 4149 (1934); 4132 (1944); 4232 (1945); 6445 (1946).

## TABEL I.

## UITSAKKING DEUR DIE MIDDELBARE SKOOL TOT BY DIE UNIVERSITEIT.

| | Getalle | Persentasies met 100 as uitgangspunt. | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| St. VI, 1940 | 38254 | 100 | | | | | | |
| St. VII, 1941 | 26232 | 68.57 | 100 | | | | | |
| St. VIII, 1942 | 18224 | 47.64 | 69.5 | 100 | | | | |
| St. IX, 1943 | 10386 | 27.15 | 39.6 | 56.9 | 100 | | | |
| St. X, 1944 | 8712 | 22.77 | 33.2 | 47.8 | 83.9 | 100 | | |
| Geslaagdes, St. X, 1944 | 8616 | – | – | – | – | – | 100 | |
| Vrygestel van Matrikulasie | 8019 | – | – | – | – | – | – | 100 |
| EERSTEJAARS aan UNIVERSITEITE, 1945 | 4232 | 11.06 | 16.1 | 23.2 | 47.5 | 40.7 | 49.1 | 52.8 |

Opmerkings i.v.m. Tabel I:

(i) Die persentasies vir die Universiteit moet met die voorbehoud aanvaar word dat ons oor geen inligting aangaande die aantal teruggekeerde druipelinge van die vorige jaar beskik het nie; waar ons hier met 'n eerste klas te doen het, kan daar geen gelykmakende faktor wees soos in die geval van die reeks klasse van die middelbare skool nie, sodat hierdie persentasies moontlik nog heelwat laer kan wees.

(ii) Persentasies is in die reël tot die naaste eerste desimaal bereken.

(iii) Aangesien die aangegewe syfers vir die verskillende klasse slegs betrekking het op die skole vir die vier provinsies, terwyl daar by die "Geslaagdes" en "Vrygestel van Matrikulasie" ook nog met die private studente en kandidate uit ander inrigtings rekening gehou moet word, kon geen persentasies vir laasgenoemde kolomme bereken word nie.

(iv) Dit moet hier ook duidelik verstaan word dat hierdie syfers die normale uitsakking aantoon wat veral aan skoolverlating toegeskryf moet word; dit dui nie die uitsakking van druipelinge aan nie, aangesien elke bepaalde klas weer terugkry aan druipelinge van die vorige klas, wat hy aan sy eie verloor.

middelbare klasse is daar heelwat meer bestendiging, maar tot op St. 1X-peil is die uitsakking geweldig groot. As daar verder rekening gehou word met die feit dat sowat 10 persent van die primêre leerlinge die skool verlaat voor Standerd V1[1], is dit duidelik dat 'n baie klein persentasie van ons leerlinge ooit aan die universiteit of in die hoogste middelbare klas beland. Ten spyte van die geweldige groei van middelbare onderwys in ons land in die afgelope dekades, ontvang 'n groot persentasie van ons leerlinge vandag nog geen sodanige onderwys nie, sodat die toestand in oënskou geneem en met dié van ander lande vergelyk moet word[2]. Dis dan van belang om daarop te let dat die De-Villiers-Kommissie van ondersoek na Tegniese en Beroepsonderwys bevind het, dat daar nog drie groepe leerlinge is in wie se behoeftes geen voorsiening gemaak is in die middelbare skool nie[3]. Dit raak egter die kwessie van leerplansamestelling vir die middelbare skool, wat verder in die volgende hoofstuk behandel word.

---

1. Die jongste beskikbare syfers in hierdie verband is dié vir 1938 soos vervat in die "Bulletin van Onderwysstatistiek" vir 1939, bl. 42 - 46.

2. Sien Hoofstuk V111.

3. Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys (De Villiers-verslag), par. 124 - 134.